*10 Jannuarie 2022*

**BRYANSTON PARALLEL MEDIUM**

# KULTUUR BELEID 2022

## Inhoudsopgawe:


**1. Inleiding**

**2. Doelstelling**

**3. Visie**

**4. Missie**

**5. Kultuurkomitee**

**6. Erkenning aan Kultuurdeelname**

**7. Toekenning van Sertifikate / Balkies / Trofeë:**

**8. Eisteddfod**

**9. Afrikaans Redenaars / English Public Speaking / Spanredenaars / Team Orators**

**10. Koor**

**11. Musiek**

**12. Dans**

**13. Kreatiewe Kunste**

**14. Toneelopvoering / Revue**

**15. Itemoptredes tydens Gala-geleenthede en Prestige byeenkomste**


## Kultuurkomitee:

- Mnr. R. Kachelhoffer
- Mev. R. Meiring
- Mej. L Matthee
- Mnr. F Willemse
- Skool Bestuurspan (SMT)
- Ouer verteenwoordiger (deur Hoof gekoöpteer)/ Lid van die skool se Beheerliggaam

## Vertaling:

Mev. M. Schultz

Mev. R. Meiring



## 1. Inleiding:

- 'n Kultuurbeleid word nie wetlik verplig nie. Ons skool kan slegs voordeel trek uit die formulering van so 'n beleid en die toepassing daarvan ooreenkomstig die voorskrifte.
- Aangesien 'n Kultuurbeleid 'n interne beleid is, berus dit by die diskresie van die skoolhoof, as bestuurder van Bryanston Parallel Medium en by Kultuurhoof met goedkeuring van die Skool Bestuurspan (SMT) vir die opstel van die Kultuurbeleid.

## 2. Doelstelling:

- Om deur middel van Kultuur die opvoedkundige kwaliteite soos liefde vir taal, die kunste, spanwerk en deursettingsvermoë by die leerders aan te kweek en in te skerp. **Die klem val veral op die kweek van selfvertroue.**
- Om aan elke deelnemende leerling erkenning te gee vir sy / haar deelname aan kultuuraktiwiteite **binne skoolverband** en volgens vereistes uiteengesit in die beleid.
- **Die nuwe beleid leen hom daartoe om die klem te vestig op KWALITEIT eerder as KWANTITEIT.**

## 3. Visie:

- Om geleenthede te skep vir leerders om aan kultuuraktiwiteite deel te neem en om met ontwikkelde talent aan die verhoog en optrede blootgestel te word.
- So word die gemeenskap ook bewus gemaak van uitsonderlike talent en kan daarin deel.

## 4. Missie:

Ons beoog 'n skool wat:

- leerlinge aanmoedig en aanspoor om hul talente ten volle te ontwikkel
- leerlinge voor berei om onafhanklik te leer dink en op te tree, asook om verantwoordelikheid te aanvaar vir hul besluite en optrede
- bestuur word deur vaste beginsels
- sterk persoonlikhede ontwikkel en leerlinge na volwassewording lei, wat tegelyk gebalanseerd en veelsydig kan wees en om wyer te kan kyk as net sport en akademie.

***"Die wêreld is 'n ingewikkelde plek, met baie verdeeldheid tussen mense. Die uitvoerende kunste is geneig om mense te verenig op 'n manier wat niks anders kan nie." -David Rubenstein***



## 6. Erkenning aan Kultuur deelname:

- Die kultuurbeleid rakende deelname, betrokkenheid, prestasie en erkenning moet ten alle tye tred hou met kulturele vooruitgang, -ontwikkeling en die - groei van ons tyd asook die prestasies van ons skool.
- Daar sal streng gehou word by die toekennings\ van bonuspunte (geakkumuleerde punte) soos bepaal in hierdie kultuurbeleid vir kurrikulêre, sowel as buite-kurrikulêre prestasies
- **Slegs as verteenwoordiger van Bryanston Parallel Medium**:
- **Geen puntetoekenning sal gemaak word aan leerders wie se oorspronklike sertifikate nie op die gegewe sluitingsdatum by die skool ingehandig is nie.**
- **Slegs HOOGSTE punt bereik in onderskeie afdelings en kompetisies word bereken.**
- Hierdie beleid kan aangepas word ten gunste van die behoefte van die skool rakende enige nuwe erkende aktiwiteite.
- Sulke aktiwiteite sal 'n nasionale of internasionale beheerliggaam moet hê wat deur die skool erken kan word. Die nodige stawende dokumente sal ingehandig moet word.
- Alle items soos gelys in die Eisteddfod Prospektus sal oorweeg word, onderhewig aan die vereistes soos bepaal deur die Eisteddfod.
- Die diskresie van die hoof, sowel as die kultuurhoof, ten opsigte van finale punte bepalings is deurslaggewend. Gefinaliseerde punte is nie onderhandelbaar indien daar nie werklike konkrete regverdiging daarvoor is nie.
- **Hierdie beleid kan te enige tyd deur die hoof en kultuurhoof gesamentlik verander en aangepas word indien 'n interne behoefte ontstaan, of waar 'n spesifieke onvoorsiene situasie mag ontstaan, of waar 'n spesifieke onvoorsiene situasie mag verander.**
- 'n Item kan net eenmalig erkenning ontvang. Leerders kan dus nie erkenning kry vir items wat meermale by verskillende Eisteddfod byeenkomste voorgedra word nie, behalwe in die geval waar items deurgedring het na die Nasionale vlak vanaf streekvlak of waar dit 'n totaal ander kompetisie met ander organiseerders en beoordelaars is.
- **SLEGS SERTIFIKATE MET ERKENNING AAN BRYANSTON PARALLEL MEDIUM WORD ERKEN. Geen brief van 'n instansie word aanvaar waar die skool se naam nie ook verskyn nie.**

## 7. Toekenning van Sertifikate / Balkies / Trofeë:

- Leerders verdien kultuurpunte deur deelname aan en/of prestasie in die skool se kultuur aktiwiteite.
- Met 'n totaal van 100 punte kwalifiseer 'n leerling vir 'n Goue sertifikaat en Kultuurbalkie - die prestige-toekenning aan die einde van die kultuurskooljaar.
- Silwer sertifikaat: 60 punte
- Lourier balkie:

  - **Slegs as verteenwoordiger van Bryanston Parallel Medium**:

- 1e; 2e en 3e plek *op **Internasionale en Nasionale vlak***
- 1e plek op ***Provinsiale vlak***
- 3x **Kategoriewenner** *(3 medaljes)* in een seisoen by NEA.
- Prestige Award **Bord Trofee Wenner**

- **Top Redenaar/ Top Orator balkie:**

  - **Slegs as verteenwoordiger van Bryanston Parallel Medium**:
  - Slegs as wenner van ten minste 2 Nasionale en een Provinsiale kompetisies hetsy Individueel of per span.

- **Kultuurtrofeë**

  - Leerder wat die hoogste totaal punte in onderskeie afdeling, (Sang; Intsrumentaal; Dans; Drama) behaal het gedurende die jaar deur deelname aan en/of hoogste prestasie op provinsiale, nasionale asook internasionale vlak in die skool se kultuur-aktiwiteite en as verteenwoordiger van die skool.
  - **Kultuurtrofee**: Leerder wat die hoogste **totaal Kultuurpunte** behaal het gedurende die jaar deur deelname aan en/of hoogste prestasie op provinsiale, nasionale asook internasionale vlak in die skool se kultuur-aktiwiteite en as verteenwoordiger van die skool.

- **Beste Junior (gr 1-3) / Intermediër (gr 4-5) Senior (gr 6-7) redenaar:**

  - 'n Leerder wat die meeste punte in Redenaars/Public speaking/Spanredenaars/Team Orators behaal het gedurende die jaar. Indien 2 leerders dieselfde punte behaal, sal die objektiewe punte van beoordelaars tydens die interne redenaarskompetisie gebruik word as maatstaf. Sou die punte nog steeds dieselfde wees, word die trofee gedeel.

- **ATKV-Trofee**
  - Die leerder of span met die hoogste **prestasie** in ATKV deelname.

- **Impromptu – Trofee**
  - Graad 5-7 Leerder met die meeste punte behaal by ons jaarlikse Onvoorbereide Redenaars kompetisie.

- **Eksterne - buite Kurrikulêre Kultuur prestasie:**

  - Aktiwiteite wat nie deur die skool aangebied word nie, maar waar 'n leerder op Provinsiale, Nasionale of Internasionale vlak erkenning ontvang het en erkende akkreditasie het:

- ***Hierdie prestasie sal nie in aanmerking kom vir die berekening van die interne kultuurpunte en kultuurbekers of balkies nie.***

- Sodanige aktiwiteit en prestasie van leerder **het reeds erkenning by betrokke instelling ontvang** en die skool sal erkenning gee tydens die sodanige termynafsluiting soos met ander buite-kurrikulêre prestasies.
- Dans- en musiekeksamens word nie as deelname vir punte in aanmerking geneem nie.

## 8. Eisteddfod: (NEA is die enigste Eisteddfod wat in 2022 erken word)

Nasionale Eisteddfod deelname bied 'n belangrike forum aan leerders om hul kulturele voorkeur en talente te ontwikkel. Alle items soos gelys in die prospektus van die Eisteddfod vereniging kan hier erkenning kry. **Dit is 'n vereiste dat deelnemers deur die skool en onder die skool se naam aan aktiwiteite deelneem.**

- **Redenaars wat by die Eisteddfod gedoen word, tel nie saam vir die Redenaarstrofeë en balkies nie. Dit val onder Spraak-en-Drama. Daar is genoeg redenaarskompetisies vir sodanige punte.**

- **Kriteria vir puntetoekenning:**

| | |
|---|---|
| Diploma | 15 punte |
| Goud | 10 punte |
| Silwer | 5 punte |
| Brons | 3 punte |
| Sertifikaat | 1 punte |
| Item optrede | 15 punte |
| Item Wenner Sertifikaat | 10 punte |
| Medalje Wenner / Kategorie Wenner | 20 punte |
| Prestige Award Bord Trofee Wenner | 30 punte |

- **Top 10 posisies (Provinsiaal/ Nasionaal)**

  *(slegs top 10 se punte word in berekening gebring)*

| | |
|---|---|
| 1e | 20 punte |
| 2e | 19 punte |
| 3e | 18 punte |
| 4e | 17 punte |
| 5e | 16 punte |
| 6e | 15 punte |
| 7e | 14 punte |
| 8e | 13 punte |
| 9e | 12 punte |
| 10e | 11 punte |

- **Nasionale Eisteddfod Deelname (NEA):**

'n Deelnemer verwerf die onderstaande punte toekenning vir Nasionale Eisteddfod deelname. Die onderstaande toekenning geld per item. Oorspronklike verslag moet na afloop van elke rondte by kultuurhoof ingehandig word vir kontrolering.

| | |
|---|---|
| Gala seremonie Optrede | 15punte |
| Nasionale Item Wenner | 10 punte |
| Nasionale Kategorie Wenner (Medalje) | 20 punte |

## 9. Afrikaans Redenaars / English Public Speaking:

- Alle leerders word blootgestel en kry die geleentheid om deel te neem aan hierdie glansgeleentheid.
- Daar sal voortaan meer waarde (in punte) geheg word aan die wenners, 1-3, van die GALA rondte.

- **Interne Uitdunrondte:**

  - Taalonderwysers wys die beste sprekers uit elke graad aan (15 - 17 leerlinge).
  - 'n Professionele eksterne beoordelaar beoordeel die sprekers en hul toesprake om die 8-12 top sprekers uit elke graad aan te wys.
  - Hierdie 8-12 top sprekers per graad neem deel aan die Redenaars Galamiddag / Public Speaking Gala Event.

- **Interne Finale (Gala) rondte:**

  Toespraak lengte:

  - Juniors (Gr 1 - 3): 2 - 4 minute maksimum
  - Intermediêr (Gr 4 - 5): 3 - 5 minute maksimum
  - Senior (Gr 6 - 7): 4 - 6 minute maksimum

- **Junior Redenaars/Public Speaking Graad 1 - 3:**

  - Alle leerders lewer ‘n toespraak by die betrokke taalonderwyser. (Dit mag soms vrywillig geskied) Die geselekteerde deelnemers (15 - 17 per graad) dring deur na ‘n
  - Interne beoordelaar wat 8-12 sprekers uit elke graad kies.
  - Die gekose 8-12 leerders neem dan aan die Redenaars / Public Speaking Galamiddag deel. Die beoordelaars wys die beste sprekers in elke graad aan en die aantal sprekers mag wissel n.a.v. die vlak van kompetisie. Elke leerder kry 'n verslag wat moet dien as motivering en aanmoediging.
  - Slegs professionele beoordelaars tree op tydens die interne – en gala kompetisies.
  - *Spanne word uit uitslae saamgestel*

- **Intermediêre Redenaars/Public Speaking Graad 4-5:**

  - Alle leerders lewer ‘n toespraak by die betrokke taal onderwyser. (Dit mag soms vrywillig geskied) Die geselekteerde deelnemers (15 - 17 per graad) dring deur na ‘n
  - Interne beoordelaar wat 8-12 sprekers uit elke graad kies.

- ❖ Die gekose 8-12 leerders neem dan aan die Redenaars / Public Speaking Gala middag deel. Die beoordelaars wys die beste sprekers in elke graad aan en die aantal sprekers mag wissel n.a.v. die vlak van kompetisie. Elke leerder kry 'n verslag wat moet dien as motivering en aanmoediging.
- ❖ Slegs professionele beoordelaars tree op tydens die interne – en gala kompetisies.
- ❖ *Spanne word uit uitslae saamgestel*

- **Senior Redenaars/Public Speaking Graad 6 – 7:**

Alle leerders lewer 'n toespraak by die betrokke taal onderwyser. (Dit mag soms vrywillig geskied). Die geselekteerde deelnemers (15 - 17 per graad) dring deur na 'n

- ❖ Interne beoordelaar wat 8-12 sprekers uit elke graad kies.
- ❖ Die gekose 8-12 leerders neem dan aan die Redenaars / Public Speaking Galamiddag deel. Die beoordelaars wys die beste sprekers in elke graad aan en die aantal sprekers mag wissel n.a.v. die vlak van kompetisie. Elke leerder kry 'n verslag wat moet dien as motivering en aanmoediging.
- ❖ Slegs professionele beoordelaars tree op tydens die interne – en gala kompetisies.
- ❖ *Spanne word uit uitslae saamgestel*

- **Impromtu: Graad 5- 7**:
  - ❖ Graad 5- 7 leerders ontvang ook 'n onvoorbereide toespraaktema en bronne en kry 'n voorafbepaalde tyd (30-60 minute) om 'n volledige toespraak daaroor voor te berei. Die onvoorbereide toesprake word ook deur die beoordelaars beoordeel. 'n Finale persentasie punt wat 'n kombinasie van die punte vir die voorbereide en die onvoorbereide toesprake verteenwoordig word gebruik om die toekenning van kultuurpunte te bepaal.

- ➢ **Tydens elke leerder se voorbereiding vir sy ONVOORBEREIDE toespraak mag GEEN ouer- of volwasse hulp verleen word nie. So 'n leerder sal onmiddelik gediskwalifiseer word.**

**Volgens hierdie persentasie word die volgende kultuurpunte dan toegeken:**

| | |
|---|---|
| 1e Plek: | 30 punte |
| 2e Plek | 20 punte |
| 3e Plek | 15 punte |
| Deelname aan Gala-middag: | 3 punte |

- **BELANGRIK:**

- Die wenners van die Gala Redenaars en Public Speaking dring ook deur na die ATKV, Spanredenaars, en alle Redenaarskompertisies waaraan die skool sou kies om deel te neem. Die hoeveelheid leerders word bepaal deur die behoefte van die betrokke kompetisie.
- Dit is die prerogatief van die Kultuurhoof en/of Skoolhoof om **ten minste 4** leerders aan te wys om aan verdere kompetisies deel te neem. Sodanige leerder/s het dalk weens welke omstandighede nie aan die vereistes voldoen nie, maar beskik oor die potensiaal.

- **Provinsiale en Nasionale redenaarskompetisies:**

- **2022:**
  - **Oppie Tong af / On the Tip of your Tongue**
  - **ATKV**
- Vir 2022, word slegs bogenoemde kompetisies se punte in berekening gebring. Dit staan leerders vry om aan enige ander kompetisie deel te neem WETENDE dat die punte egter nie gaan tel nie. Met ons Revue het ons 'n vol program. Die keuse van kompetisies word elke jaar hersien.

Die toppresteerders van die Afrikaanse Redenaars (Junior, Intermediêr en Senior) word na die eerste rondte van die ATKV redenaarskompetisie asook enige ander Redenaarskompetisie waaraan die skool deelneem, gestuur vir deelname. Die aantal deelnemers mag wissel n.a.v. die betrokke kompetisie se reëlings vir die jaar. Dit kan as Huistaal en Eerste Adissionel Taal geskied. Deelnemers aan die ATKV en ander redenaarskompetisies ontvang verdere erkenning as volg:

| | |
|---|---|
| Finale rondte: | 15 punte |
| Finaal onvoorbereid: | 15 punte |
| Nasionale Wenner 1ste Plek: | 30 punte |
| Nasionale Wenner 2de Plek: | 25 punte |
| Nasionale Wenner 3de Plek: | 20 punte |

| | |
|---|---|
| Provinsiale Wenner 1ste Plek: | 20 punte |

| | |
|---|---|
| Provinsiale Wenner 2de Plek: | 15 punte |
| Provinsiale Wenner 3de Plek: | 10 punte |

- **Junior Redenaar Beker: (Gr 1 - 3)**

Die leerder met die hoogste aantal punte verwerf tydens interne Redenaars, Public Speaking, Spanredenaars, Speech Guild; ATKV, Oppitong Af en Interskole. GEEN EISTEDDFOD REDENAARS NIE.

- **Intermediêre Redenaar Beker: (Gr 4 - 5)**
- Die leerder met die hoogste aantal punte verwerf tydens interne Redenaars, Public Speaking, Spanredenaars, Speech Guild; ATKV, Oppitong Af en Interskole. (Impromptu Gr 5) GEEN EISTEDDFOD REDENAARS NIE.
- **Senior Redenaar Beker: (Gr 6 - 7)**
- Die leerder met die hoogste aantal punte verwerf tydens interne Redenaars, Public Speaking, Spanredenaars, Speech Guild; Impromptu, ATKV, Oppitong Af en Interskole. GEEN EISTEDDFOD REDENAARS NIE.

## 10. Koor (Junior & Senior)

- Leerlinge word gekeur aan die hand van streng oudisies deur die koor-en of sangonderwyser/es. Dit is 'n eer en 'n voorreg om deel te wees van die Bryanston Parallel Medium Junior of Senior koor/sanggroep. Deelname aan die koor vereis pligsgetrouheid en uithouvermoë.
- Die koorbestuurder moet deeglik rekord hou van bywoning en pligsgetrouheid. Geen lid van die koor mag in aanmerking geneem word vir 'n koorbalkie wanneer oefeninge swak of glad nie bygewoon nie.
- Laatkommers en ongedissiplineerde leerders sal een finale waarskuwingsbrief ontvang waarna hy/sy met 'n volgende oorteding nie meer 'n lid van die koor sal wees nie. Omdat die kore groot groepe is, is discipline kardinaal.
- Die kultuurhoof sal as skakelpersoon tussen die koorbestuurder en die skool optree.
- Om 'n Koorbalkie te verwerf moet 'n koorlid:
    a) Getrou kooroefening bywoon met 'n maksimum van 2 afwesighede vergesel van 'n doktersnota
    b) Die Koorkamp bywoon (indien daar sodanige kamp is)

c) ‘n Diploma by die gekose kunswedstryd verower of
  - Nasionale kompetisie: 1-5 plek verower
  - Provinsiale kompetisie: 1-3 plek verower

- Koorklere word jaarliks aan koorlede uitverhuur teen bedrag gekommunikeer aan ouers. Koorklere word aan die einde van elke jaar weer ingehandig by die skool. Dit is skooleiendom. Die reëling is verpligtend.

- Kooroefeninge is 1 maal per week of soos behoefte dit bepaal.

- NEA deelname /Sing in Harmonie / ATKV Applous en enige ander skoolverkose kompetisie kriteria geld hier:

| | |
|---|---|
| Diploma | 15 punte |
| Goud | 10 punte |
| Silwer | 5 punte |
| Brons | 3 punte |
| Sertifikaat | 1 punte |
| Item optrede | 15 punte |
| Item Wenner Sertifikaat | 10 punte |
| Medalje Wenner / Kategorie Wenner | 20 punte |
| Prestige Award Bord Trofee Wenner | 30 punte |

## 11. Musiek:

- Enige eksamens deur leerders afgelê word **reeds** deur die betrokke instansie/ eksaminator erken.
- Die skool bied slegs erkenning aan vir deelname aan sang en die speel van instrumente by die NEA soos uiteengesit hierna:

| | |
|---|---|
| Diploma | 15 punte |
| Goud | 10 punte |
| Silwer | 5 punte |
| Brons | 3 punte |

| | |
|---|---|
| Sertifikaat | 1 punte |
| Item optrede | 15 punte |
| Item Wenner Sertifikaat | 10 punte |
| Medalje Wenner / Kategorie Wenner | 20 punte |
| Prestige Award Bord Trofee Wenner | 30 punte |

- **Provinsiaal, Nasionaal en Internasionaal:**
  - Lourier balkie:
    - **Slegs as verteenwoordiger van Bryanston Parallel Medium**:
    - 1e; 2e en 3e plek *op* ***Internasionale en Nasionale vlak***
    - 1e plek op ***Provinsiale vlak***

## 12. Dans

- Enige eksamens deur leerders afgelê word **reeds** deur die betrokke instansie/ eksaminator erken.
- Die skool bied slegs erkenning aan vir deelname aan Dans-items by die NEA soos uiteengesit hierna:

- **Eisteddfod:**

| | |
|---|---|
| Diploma | 15 punte |
| Goud | 10 punte |
| Silwer | 5 punte |
| Brons | 3 punte |
| Sertifikaat | 1 punte |
| Item optrede | 15 punte |
| Item Wenner Sertifikaat | 10 punte |
| Medalje Wenner / Kategorie Wenner | 20 punte |
| Prestige Award Bord Trofee Wenner | 30 punte |

- ❖ **Provinsiaal, Nasionaal en Internasionaal:**

  - Lourier balkie:

    - **Slegs as verteenwoordiger van Bryanston Parallel Medium**:
    - 1e; 2e en 3e plek *op* ***Internasionale en Nasionale vlak***
    - 1e plek op ***Provinsiale vlak***

## 13. Kreatiewe Kunste:

- Kunswerke kan die volgende insluit:

- ❖ Tekenkuns
- ❖ Skilderkuns
- ❖ Grafiese Kuns
- ❖ Beeldhoukuns
- ❖ Fotografie

**Kunswerke moet die kind se eie en oorspronklike werk wees.**

**Puntetoekenning:**

- ❖ **NEA:**

| | |
|---|---|
| Diploma | 15 punte |
| Goud | 10 punte |
| Silwer | 5 punte |
| Brons | 3 punte |
| Sertifikaat | 1 punte |
| Item optrede | 15 punte |
| Item Wenner Sertifikaat | 10 punte |
| Medalje Wenner / Kategorie Wenner | 20 punte |
| Prestige Award Bord Trofee Wenner | 30 punte |

❖ **Provinsiaal, Nasionaal en Internasionaal:**
Lourier balkie:

- **Slegs as verteenwoordiger van Bryanston Parallel Medium**:
- 1e; 2e en 3e plek *op* ***Internasionale en Nasionale vlak***
- 1e plek op ***Provinsiale vlak***

## 14. Produksie/ Toneel / Revue:

- Elke verhoogstuk sal sy eie unieke stel reëls en kategorieë hê waarvolgens punte toegeken sal word.
- Die tyd bestee aan afrigting in 'n rol sal bepalend wees t.o.v. die hoeveelheid punte wat aan 'n leerder toegestaan word.
- Alle deelnemende leerlinge sal erkenning ontvang vir hul deelname. 'n Sertifikaat sal na afloop van die produksie aan die leerlinge toegeken word.

**Puntetoekenning vir Produksie:**

| | |
|---|---|
| a) Hoofrolle: (Punte na gelang van hoeveelheid teks) | 20-40 punte |
| b) Byspelers / Spesiale talente | 20 punte |
| c) Solo sangers | 20 punte |
| d) Koorsang / Bakctrack opname | 20 punte |
| e) Groepoptredes | 15 punte |
| f) Helpers met kostuums, dekor, | 10 punte |
| g) Beligting, Kaartjieverkopers | 10 punte |
| h) Deur-en Gordynwerkers | 10 punte |

**Puntetoekenning vir Toneel:**

| | |
|---|---|
| Finale rondte: | 15 punte |
| Nasionale Wenner 1ste Plek: | 40 punte |
| Nasionale Wenner 2de Plek: | 30 punte |
| Nasionale Wenner 3de Plek: (Provinsiale wen) | 20 punte |

## 15. Item optredes:

- **Items tydens kultuur en akademiese Gala-aande**

- Leerders wat die hoogste sport of prestasie tydens die Eisteddfod deelname behaal, sal in aanmerking kom.
- Die finale item keuses sal deur die Hoof gemaak word.
- Geen punte toekenning: dit is 'n voorreg om deel te neem.

*Enige aanpassing en of verandering aan hierdie beleid sal berus by die uitsluitlike diskresie van die skoolhoof en kultuurhoof. Hersiening van hierdie beleid sal deur die skoolhoof gedelegeer word na die kultuurhoof om die nodige aanpassing te maak.*